# Sustersaamtrek 2020

## Intimiteit met God

Kom geniet 'n verrykende oggend saam met die susters van GK Meyerton

Samesang: Ds Jan Ehlers
Spreker: Prof. Naas Ferreira
Kollekte: Emeritaatsfonds en Bybelverspreiding

Datum: Saterdag - 7 Maart 2020
Plek: Gereformeerde Kerk Meyerton - Pierneef Blvd 6
Tyd: Registrasie om 08:00
Koste: R 130 pp
ABSA
Taknr - 334 134
Reknr - 051 034 0574
Verwysing - Naam, Van, Gemeente
RSVP: Voor 17 Februarie 2020
gkmeyerton@gmail.com

Vir navrae:
Elsa Venter 083 630 4756
elsa@shabeni.co.za

Almal wat belangstel om die Suster-saamtrek in Meyerton by te woon, bespreek en betaal asseblief by Jacqueline Floor by 0716832472

# VERJAARSDAE

| | | |
|---|---|---|
| 24 /11 | Darius Kruger (Belydend) | 0169764559 |
| 24/11 | Riaan Pottas (Belydend) | 07784237370 |
| 28 11 | Tony Lombard (Belydend) | 0824446897 |
| 29/11 | Anton Koekemoer (Belydend) | 0169765361 / 07837146870 |
| 29/11 | Janika Viljoen (Belydend) | 07715358524 |

# Iets Nuu(t)s

*Efesiërs 4:16*
*Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

24 November 2019

Inligting:

**Gereformeerde Kerk Sasolburg.** h/v Faickney en van Eckstraat
**Leraar: Marcel Floor 0828285811**
**Admin**: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
**Webblad:**www.gksasolburg.co.za
**Barmhartigheid:** Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
**Geboue:** PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
**Omgeekantoor:** Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

***DIENSBEURT: BLOK A***

**Kollekte ONDER DIENS**: Barmhartigheid
**Kollekte by DEURE**: NOTEKOLLEKTE VIR KERKKAS

# WOORDBEDIENING

1 Kor. 1:1-9 & 9:24-27 (83 Vertaling)
Fokusverse: 1 Kor. 9:24-27 (83 Vertaling)

**Tema: In 'n gesonde gemeente is daar by verloste gelowiges geestelike selfdissipline en doelgerigtheid.**

1. Die Here praat hier deur Paulus met gelowiges (verlostes) in Korinte. (1 Kor. 1:2-8)
2. Tog was hierdie gelowiges vêr van volmaak.
   a. By van hulle was daar 'n gebrek aan geestelike selfdissipline en doelgerigtheid. (1 Kor. 9:24-27)

3. En daarom gebruik die Here deur Paulus hierdie beeld van atlete, en 'n bokser, om húlle en óns op te roep tot geestelike selfdissipline en doelgerigtheid. (1 Kor. 9:24-27)
   a. In verse 25-27 word vir ons 3 riglyne uit die wêreld van atlete en boksers gee oor selfdissipline en doelgerigtheid vir ons geloofslewe vorentoe.
4. Riglyn 1: Wees selfgedissiplineerd genoeg om jouself sekere dinge te ontsê en opofferings te maak. (v. 25)
   a. Die atlete destyds het groot opofferings gemaak vir 'n verganklike oorwinnaarskroon.
   b. Ons gee onsself as lewende offers omdat ons reeds seker is van ons onverganklike oorwinnaarskroon – die ewige lewe (Rom. 12:1, 2 Tim. 4:8, 1 Joh. 5:13)
   c. Wat ons onsself moet ontsê en opoffer soos atlete:
      i. Sondes van die ou lewe. (Kol. 3, Ef. 4, Gal. 5:19-21)
      ii. Uitspattigheid. (Gal. 5:21).
      iii. 'n Oorvol, deurmekaar program. (Eks. 18)
      iv. Opofferings vir die Here. (Rom. 12:1).
      v. Ens.
5. Riglyn 2: Doelgerigtheid. (v. 26)
   a. Hoe atlete en boksers fokus en doelgerigtheid gebruik.
   b. Hoe kan ons baie meer doelgerig ons geloofslewe verbeter?
      i. 'n Duidelike visie en doelwitte help ons om te groei, motiveer ons, en help ons ook om te prioritiseer.
6. Riglyn 3: Oefen. (v. 27)
   a. Die selfdissipline wat atlete benodig om te oefen.
   b. Die gereelde geloofsoefeninge wat ons moet doen: Skrifbestudering, gebed, Skrifoordenking, Skriftoepassing, Berou en sondebelydenis, nuwe toewyding om gebruik te word as instrument.

## DANKBAARHEIDSPROJEK

Net weer 'n herinnering aan die dankbaarheidsprojek gedurende November en Desember, waar lidmate wat in 'n posisie is en diegene wat dit in hul hart voel, die geleentheid het om 'n ekstra bydrae te gee om sodoende die kerkkas aan te vul. Onthou asseblief om duidelike verwysings by inbetalings te maak.
Baie dankie
Finansiële Diensgroep

**KERSSANG-DIENS VANAAND 18:00‼**

## RENEWAL OF NEW TESTAMENT DISCIPLESHIP

Die bekende missioloog, Dr Ed Gross (OPC in Amerika), bied die werkswinkel op **18 Januarie 2020** landwyd aan. Dit word vanaf Potchefstroom gebeeldsend na alle kerke wat gaan meewerk

Daar sal interaksie kan wees met die spreker, maar neem asseblief kennis dat, gegewe die spreker se Amerikaanse afkoms, die konferensie meestal in Engels aangebied sal wees.

Die werkswinkel is gebaseer op sy deeglik begronde studie oor dissipelskap in die Nuwe Testamentiese tyd. Dit word verder verryk deur sy ervaring en werk in veral Afrika en Amerika by die stigting en onderrig van Dissipelskapgroepe. Dit sluit, benewens suidelike- en sentraal-Afrika, ook die noorde van Afrika se Moslem lande in.

Die werkswinkel gaan:
- jou in staat stel om in gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus se opdrag, dissipels te maak in die gang van jou lewe.
- kerkleiers toerus om lidmate toe te rus om die Groot Opdrag van ons Here uit te voer.
- sodoende die kerk laat groei.

Ons moedig al ons ouderlinge, diakens en lidmate aan om hierdie werkswinkel by te woon. Let daarop dat dit baie vroeg volgende jaar plaasvind, kort na die skole geopen het, so teken dit sommer nou al in die jaarkalender aan, en sal ons weer hieroor kommuniaksie uitstuur.